# Die toestand van die dode

**Die eerste leuen - die 'onsterflike siel'**
**Gen 2:17** *... maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy **sekerlik sterwe**.* **Gen 3:4** *Toe sê die slang vir die vrou: **Julle sal gewis nie sterwe nie**.* Twyfel gesaai. Direkte aanval teen God omdat slegs Jesus die mag het om lewe te gee. **1Joh 1:2** *.. en die lewe is geopenbaar en ons het dit gesien en ons getuig en verkondig aan julle **die ewige lewe wat by die Vader was** en aan ons geopenbaar is.*

**Besit ons 'n onsterflike siel?**
**Gen 2:7** *En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel (Cay nephesh) **geword**."* '*Nephesh*' beteken 'om asem te haal. God het nie aan die mens 'n lewende siel *gegee* nie, maar God het die stof (vleeslike) geneem en asem ingeblaas en met die samevoeging van die twee het die mens 'n lewende siel *geword*. Stoflike (vleeslike) + asem (Gees/ruach/asem van God) = lewende siel (Gloeilamp + kragbron = lig). Stof minus die Gees/asem van God = dood. **Pred 12:6,7** *Voordat die silwerdraad verwyder word en die goue oliekruik val en die kruik by die fontein gebreek word en die wiel stukkend in die put val en die **stof** na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die **gees** na God terugkeer wat dit gegee het.* **Job 34:14,15** *As Hy op Homself ag sou gee, **Sy Gees en Sy asem na Hom sou terugtrek**, dan sou alle vlees tesame die **asem uitblaas** en die mens sou **tot stof terugkeer**.* As 'n lewende siel sterf dan word die twee verskillende gedeeltes weer van mekaar geskei. Die siel kan nie onafhanklik van die Gees wat van God af kom, of die stoflike (liggaam) bestaan nie. Die twee elemente saamgevoeg, **word** 'n lewende siel. As die gloeilamp dood is, waar is die lig? Die lig is nie daar nie omdat een van die 2 elemente (Gees van God of die stoflike liggaam) nie meer daar is nie. Die siel stel die hele persoon voor, in liggaam en lewensasem, terwyl die dood die hele menslike wese laat verdwyn.

**Jesus sê dat die lewensasem en gees dieselfde is:**
**Luk 23:46** *En Jesus het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Vader, in u hande gee Ek my **gees** oor! En toe Hy dit gesê het, blaas Hy die laaste **asem** uit.*

**Het diere 'n siel?**
*'Cay nephesh'* (Gen 2:7) beteken *lewende wesens* (siele) en word ook gebruik om diere te beskryf (Gen 1:20-24). **Pred 3:19-21** *Want die **lot van die mensekinders is ook die lot van die veediere**; hulle het **een en dieselfde lot;** soos die een sterwe, so sterwe die ander, en **hulle almal het dieselfde asem*** (ruach/gees); *en 'n voorkeur van die mens bo die veediere is daar nie; want alles is tervergeefs. **Alles gaan na een plek toe**; **alles is uit die stof, en alles keer na die stof terug**. Wie bespeur dat die asem van die mensekinders opgaan boontoe, en dat die asem van die veediere neerdaal ondertoe in die aarde?* Slegs die mens is na die beeld van God geskape – daarom kan ons met Hom 'n verhouding hê. Die wese van lewe is egter dieselfde in mense en in diere.

**Slegs Jesus besit onsterflikheid**
**1 Tim 6:13-16** *Ek gebied jou voor die aangesig van God wat aan alle dinge die lewe gee, en van Christus Jesus, wat voor Pontius Pilatus die goeie belydenis betuig het, dat jy die gebod onbevlek, onberispelik bewaar tot by die verskyning van onse Here Jesus Christus wat op sy eie tyd vertoon sal word deur die salige en enigste Heerser, **die Koning van die konings en Here van die here, wat alleen ontsterflikehid besit** en 'n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie, aal wie toekom eer en ewige krag, Amen.* Die Here alleen besit ontsterflikheid. Ons kan net ontsterflikheid ontvang deur IN Christus te wees. En hierdie onsterflikheid ontvang ons SLEGS wanneer Christus weer kom, of jy dan lewe of reeds gesterf het. **1 Kor 15:51-54** *Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal **verander** word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die **laaste basuin**; want die basuin sal weerklink, en die **dode*** (gelowiges) *sal **onverganklik opgewek** word; en ons sal verander word. Want hierdie **<u>verganklike</u> moet met die <u>onverganklikheid</u> beklee word**, en hierdie **<u>sterflike</u> moet met <u>onsterflikheid</u>** beklee word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met ontsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die **dood is verslind** in die oorwinning.* Die laaste basuin is by die wederkoms van Christus. Een groep lewe en het nog nie gesterwe nie, en die ander groep het opgestaan uit die dode. Albei groeperings verwys na die gelowiges wat verander en die ewige lewe ontvang ('n verheerlikte/onverganklike liggaam en dus onsterflikheid) met Jesus se koms.

**Is die dooies kognitief bewus (het hulle denke/ gedategtes)? Kan ons met hulle kommunikeer?**
**Job 14:10-12** *Maar as 'n man sterwe en is magteloos; ja 'n mens blaas die asem uit en -**waar is hy**? Die waters **verdwyn** uit die groot waterplas, en die rivier droog uit en lê droog - so lê die mens daar sonder om weer op te staan, **todat die hemele nie meer is nie**, **word hulle nie wakker of uit hul slaap opgewek nie**.* Dit is nie 'n ewige dood nie, maar 'n **tydelike slaaptoestand** wat sal voortgaan totdat die gelowige opgewek word met Christus se koms. Die geleentheid word gespesifiseer as: *todat die hemele nie meer is nie.* Die waters wat verdwyn en opdroog is 'n metafoor wat gebruik word om te illustreer wat met die siel gebeur wanneer jy sterf. Dit is **dormant**. **Job 7:9,10** *Die wolk **verdwyn** en gaan heen - **so kom hy nie weer op wat na die doderyk neerdaal nie**. **Hy sal nie meer teruggaan na sy huis nie**, en sy plek sal hom **nie meer ken nie**.* Is dit moontlik dat 'n persoon weer aan ons kan verskyn of na ons kan terugkom nadat hy/sy gesterf het? Volgens **Lev 20:6** is dit duidelik dat ons nie kontak mag (kan) hê met afgestorwenes nie. Dit wat wel mee gekommunikeer word, is beslis nie jou geliefdes nie, maar wel geeste of demone wat die afgestorwe persoon (en elke ander lewende persoon), baie goed ken. Hulle weet alles van die persoon af – sy troetelnaam en ook dinge wat net jy en daardie persoon wat gesterf het, kon weet. En so word mense gebluf. **Spr 19:16** *Wie die gebod hou, bewaar sy lewe; hy wat sy weë nie ag nie, sal sterwe.* **Ese 18:4** Die siel wat sondig, dié moet sterwe. Daar is slegs twee toestande – óf lewe, óf dood – niks tussen-in nie. Daar is geen gedagtes wat aangaan nie, ook nie van waar jy is (in die doderyk)

of wat jy daar doen nie. **Psalm 146:4** *Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit* ***met sy planne gedaan***. (King James: *That very day his* ***thoughts perish***). **Psa 115:17** *Die dode en almal wat na die stilte neerdaal, sal die Here nie loof nie* **Psa 6:6** *Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?* **Pred 9:5-6** *Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die* ***dooies weet glad niks nie****, en hulle het geen loon meer nie, want hulle* ***nagedagtenis*** (geen geheue/herinnerings aan ons wat lewe nie) ***word vergeet****. Hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle naywer, het lankal verdwyn, en hulle het* ***vir ewig*** (verwys na so lank as wat hul lewendig was) ***geen deel*** *meer aan alles wat gebeur onder die son nie* **Pred 9:10** *Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag, want daar is* ***geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk*** *waar jy heengaan nie.*

**Mag ons met 'dooies' kommunikeer?**

**Lev 19:26, 31** *Julle* ***mag nie waarsêery*** *verklaring van voortekens) en* ***towery*** *beoefen nie. Moenie* ***hulp soek*** *by* ***geeste of waarsêers*** *nie. Dit sal julle onrein maak.* **Lev 20:6, 27** *Enigiemand wat aan My* ***ontrou*** *is deur hulp te soek by geeste of waarsêers, teen hom sal ek optree: Ek sal hom van sy volksgenote* ***afsny****. Enige mens wat hom ophou met die oproep van geeste of met beswering, moet* ***doodgemaak*** *word. Hy moet met klippe doodgemaak word. Hy verdien die dood.* **Deut 18:10-14** *Daar mag nie 'n* ***besweerder*** *by jou wees nie en ook nie 'n* ***towenaar*** *of iemand wat* ***voortekens lees*** *of 'n* ***goëlaar*** *of 'n* ***slangbesweerder*** *of iemand wat* ***geeste om inligting vra & dooies raadpleeg nie****. Die* ***Here het 'n afsku*** *van elkeen wat hierdie sort ding doen. Jy moet opreg wees voor die Here jou God.* ***Die Here jou God verbied jou*** *om sulke goed te doen.* **2Kron 33:6** *Hy ..het hom besig gehou met goëlery, waarsêery & toordery, en meegedoen aan die oproep & raadpleging van geeste. Hy het* ***gruwelik verkeerd*** *gedoen in die oë van die Here en Hom* ***uitgetart****.* **Jes 8:19** *Hoekom probeer julle dan om uit te vind wat die* ***toekoms*** *inhou deur* ***mediums en spiritiste*** *te raadpleeg? Moenie na hulle gefluister* ***(gepiep)*** *&* ***gemompel*** *luister nie.* ***Kan die lewendes by die dooies hoor wat die toekoms inhou? Hoekom vra jy nie verder jou God nie?*** **II Kor 11:14** *Want die* ***Satan*** *self verander hom in 'n* ***engel van die lig****. Dis is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook* ***<u>voordoen as dienaars van geregtigheid</u>*** *nie.*

**Die dooies slaap**

**Job 14:12** *..so lê die mens daar sonder om weer op te staan; totdat die hemele nie meer is nie, word hulle nie wakker of uit hul slaap opgewek nie.* **Dan 12:2** *En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal* ***ontwaak****, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik.* Uit die voorafgaande vers is dit duidelik dat daar twee groeperings gaan wees; gelowiges en ongelowiges. Almal gaan slaap (behalwe dié wat lewendig is met Christus se tweede koms), maar daar is twee dit eindig verskillend vir die twee groepe. **Dan 12:13** *En jy, gaan heen na die einde; en jy sal rus en* ***weer opstaan*** *tot jou bestemming aan die einde van dae.* Daar word vir Daniel gesê dat hy gaan rus en en ontwaak aan die einde van tyd. **Hand 2:27, 29, 24** *Want U sal my siel nie aan die doderyk oorlaat of u Heilige oorgee om verderwing te sien nie... die aartsvader* ***Dawid****, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en* ***sy graf is by ons tot vandag toe****.. Want Dawid het* ***nie in die hemele opgevaar nie****..* **Joh 11:11** *Daarna sê Hy vir hulle:* ***Lasarus****, ons vriend,* ***slaap****...* **(13-14)** *Maar Jesus het gespreek van sy dood, terwyl hulle gedink het dat Hy van die rus van die slaap spreek. En toe sê Jesus vir hulle ronduit: Lasarus is* ***dood****.* (24) *Ek weet dat hy sal opstaan in die opstanding in die laaste dag.* Net soos mens nie weet dat jy slaap terwyl jy slaap nie, maar eers as jy wakker word besef dat jy geslaap het, net so is dit met die dood – jy weet nie jy's dood totdat Jesus jou weer opwek en jy besef dat jy dood was nie...dus is dit 'tydsgewys' dieselfde soos om jou oë te knip (dood) en weer oop te maak (opwekking) – eerste gedagte sal wees JESUS! Iemand wat slaap is dus onbewus van tyd, omstandighede en enigiets wat om hom gebeur – so ook in die dood. Hy wat dood is, rus van sy lewe op aarde. Nog een van die Pousdom se misleidings is dat die gestorwe se 'onsterflike siel' in die vagevuur is. Deur genoegsame middele (aflate ens.) aan die Kerk (Pousdom) te gee, laat die priester na gelang van die BEDRAG, die 'siel' stuk vir stuk vry, totdat hy na die hemel vlieg en die kerk homself genoegsaam verryk het! Kyk egter wat sê hierdie vers: **Esegiel 18:4,20** *Kyk, al die siele is myne, soos die siel van die vader, so die siel van die seun – hulle is myne;* ***die siel wat sondig, die moet sterwe****. Die siel wat sondig, die moet sterwe;* ***die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie;*** *die geregtigheid van die regverdige sal* ***op hom wees****, en die goddeloosheid van die goddelose sal* ***op hom wees****.* Dit is duidelik dat jy nie die las van 'n ander kan dra nie.